Verwysing: 20200626-6684
Lêerno.: 12/9/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0008/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Kurrikulumaanpassings, hersienings aan skoolgebaseerde assessering en praktiese assesseringstake in Sport en Oefeningwetenskap, Perdestudie, Maritieme Ekonomie en Seevaartkunde vir 2020

1. Die sluiting van skole weens die Covid-19-pandemie het wysigings aan die vereistes en voltooiingsdatums van skoolgebaseerde assessering (SGA) en praktiese assesseringstake (PAT's) in aangewese vakke genoodsaak.

2. Die doel van hierdie minuut is om skole in kennis te stel van die voorgenome aanpassings aan kurrikuluminhoud, wysigings wat vir 2020 aangebring is aan die SGA- en PAT-vereistes vir Sport en Oefeningwetenskap, Perdestudie, Maritieme Ekonomie en Seevaartkunde in graad 10, 11 en 12.

3. Die wysigings, soos ontvang van die Departement van Basiese Onderwys, word by hierdie minuut aangeheg. Die wysigings verwys in die algemeen na die volgende:
   - Sport en Oefeningwetenskap: Hersiene SGA-vereistes vir 2020 en hersiene instruksies aan kandidate wat PAT's betref;
   - Perdestudie: Hersiene SGA-vereistes vir 2020 en gewysigde PAT's vir 2020;
   - Maritieme Ekonomie: Onafhanklike Eksamineringsraad-omsendbrief (OER-omsendbrief) 79/2020 van 02 Junie 2020 en aanhegsel met gewysigde SGA-vereistes vir 2020, asook kurrikulumaanpassings vir graad 10 en 11; en
   - Seevaartkunde: OER-omsendbrief 80/2020 van 02 Junie 2020 en aanhegsel met gewysigde SGA-vereistes vir 2020, asook kurrikulumaanpassings vir graad 10 en 11.

4. Raadpleeg asseblief die volgende bylaes vir spesifieke vereistes:

   Bylae A: Sport en Oefeningwetenskap, hersienings aan SGA en PAT vir 2020;
   Bylae B: Perdestudie, hersienings aan SGA en PAT vir 2020;
   Bylae C: Maritieme Ekonomie, OER-omsendbrief 79 van 2020, verdere hersiening;
   Bylae D: Maritieme Ekonomie, OER-omsendbrief 79 van 2020, met 02 Junie 2020 as datum, verdere hersienings;
   Bylae E: Maritieme Ekonomie, verdere hersienings;
   Bylae F: Seevaartkunde, OER-omsendbrief 80 van 2020, met 02 Junie 2020 as datum, verdere hersienings;
   Bylae G: Seevaartkunde, OER-omsendbrief 80 van 2020, verdere wysigings; en/of
   Bylae H: Seevaartkunde, verdere hersienings.

5. Navrae oor die 2020-wysigings aan die SGA en PAT's vir Sport en Oefeningwetenskap, Perdestudie, Maritieme Ekonomie en Seevaartkunde moet aan die assesseringskoördineerders by die distrikskantore gerig word.

6. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-08-07